



Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

DIE ANDER VOORDELE VAN AMMONIUMSULFAAT

Die gebruik van waterkondisioneerders het 'n gevestigde praktyk met onkruidodders soos glifosaat, kletodim, glufosinaat, halosulfuron, sekere fenoksies en verskeie ander geword. In die meeste gevalle is ammoniumsulfaat byvoegmiddels vir hierdie doel geregistreer. Ammoniumsulfaat word gebruik om antagonistiese katione in harde en brak water te bind voordat dit die onkruidodder minder effektief maak. Dit is die rede hoekom Villa ammoniumsulfaat byvoegmiddels as 'n standaard praktyk met verskeie van hierdie onkruidodders aanbeveel. Die binding van antagonistiese katione is egter nie die enigste voordeel nie. Die ander voordele van ammoniumsulfaat word onder in meer besonderhede bespreek.

Effektiwiteit

Ammoniumsulfaat verhoog dikwels die effektiwiteit van hierdie onkruidodders, selfs in water met lae vlakke antagonistiese katione. Hierdie verskynsel word dikwels met glifosaat en kletodim waargeneem, maar dit kan ook op die ander onkruidodders van toepassing wees. Die presiese rede hiervoor is onduidelik, maar die ammoniumioon speel waarskynlik 'n belangrike rol om opname te verhoog. Dit is nie noodwendig die kunsmis se effek op 'n plant se groeikragtigheid nie, maar eerder 'n fisiese of chemiese reaksie op die spuitdruppel neerslag vlak. Dit is hoekom dit so belangrik is om ammoniumsulfaat as 'n standaard praktyk te gebruik en nie net as die waterkwaliteit swak is nie. Gebruik dit altyd wanneer die etiket dit aanbeveel. Dit is 'n doeltreffende manier om die effektiwiteit van onkruidodders te verhoog en die produk te stabiliseer.

Tenkmengsels

Onkruidodders word dikwels in mengsels geregistreer om die onkruidspektrum te vergroot of om die effektiwiteit op geharde onkruid te

verhoog. Die onkruidodder kan egter soms ietwat antagonisties wees en die effektiwiteit van die ander produk verlaag. 'n Voorbeeld hiervan is die mengsel van 2,4-D AMIEN 480 SL of MCPA 400 SL met glifosaat. Alhoewel dit gewoonlik 'n baie effektiewe mengsel is, kan die fenoksie onkruidodder die effektiwiteit van die glifosaat verlaag. Sekere ammoniumsulfaat byvoegmiddels kan gebruik word om hierdie antagonisme te oorkom en om die effektiwiteit te herstel. Wees egter versigtig om nie 'n ammoniumsulfaat byvoegmiddel te gebruik wat die mengsel te veel versuur nie. Dit kan sediment veroorsaak wat siwwe en spuitpunte verstop. In enkele gevalle kan ammoniumsulfaat ook die fisiese mengbaarheid in sekere tenkmengsels verbeter om die kans op flokkulasie en presipitasie te verminder. Dit is egter 'n spesiale geval en ammoniumsulfaat moet nooit as 'n regverdiging vir ongeregistreerde tenkmengsels gebruik word nie.

Villa se mening

Die enigste water-regstellende byvoegmiddel wat Villa met hierdie onkruidodders aanbeveel is premium kwaliteit ammoniumsulfaat. Dit is effektief om antagonistiese katione in swak spuitwater te neutraliseer, maar ook om water met 'n lae soutinhoud meer effektief te maak. Dit is belangrik om 'n ammoniumsulfaat byvoegmiddel te gebruik indien die onkruidodder se etiket dit aanbeveel. Ons ondervinding is dat hierdie onkruidodders se effektiwiteit verhoog saam met die gebruik van ammoniumsulfaat wat dit ons voorkeur byvoegmiddel maak. Moenie ammoniumsulfaat toedien wat net as 'n kunsmis (K-nommer) geregistreer is nie. Die kwaliteit is dalk nie aanvaarbaar vir die gebruik as byvoegmiddel nie.

Kontak gerus Brian de Villiers vir inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za